



Lêerno.: 4/5/1/1/2022-2023

Verwysing: 20230221-1674

Finansiële Rekeningkundeminuut: 0002/2023

Aan: Die Hoofdirekteur: Fisiese Hulpbronne
Die Direkteur: Fisiese Hulpbronbeplanning
Die Direkteur: Inrigtingshulpbronondersteuning
Die Direkteur: Infrastruktuurleweringsbestuur
Die Hoofdirekteur: Mensbestuurspraktyke
Die Direkteur: Diensvoordele
Die Direkteur: Werwing en Keuring
Die Hoofdirekteur: Finansiële Bestuur
Die Direkteur: Bestuursrekeningkunde
Die Direkteur: Finansiële Rekeningkunde
Die Direkteur: Verkrygingsbestuur
Die Hoofdirekteur: Assessering en Eksamens
Die Direkteur: Eksamenadministrasie
Die Hoofdirekteur: Distrikte
Die Hoofdirekteur: Kurrikulumbestuur en Onderwyserontwikkeling
Die Direkteur: Kurrikulum VOO
Die Direkteur: Kaapse Onderrig- en Leierskapsinstituut
Die Direkteur: e-Leer
Die Hoofdirekteur: Besigheidsintelligensiebestuur
Die Direkteur: Kennis- en inligtingsbestuur
Die Hoofdirekteur: Inklusiewe Onderwys en Spesiale Programme
Die Direkteur: Gespesialiseerde Onderwys
Die Direkteur: Kommunikasie

Onderwerp: Insette vir die saamstel van finansiële state vir die 2022/23-boekjaar

1. Die doel van hierdie minuut is om u te herinner aan die insette wat van u vereis word vir die samestelling van finansiële state deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) vir die 2022/23-boekjaar. Hierdie minuut moet saam met Finansiële Rekeningkundeminuut 0001/2023 van 13 Februarie 2023 aangaande die Basiese Rekeningkundige Stelsel se sluitingsprosedures vir die 2022/23-boekjaar gelees word.

2. Ingevolge artikel 40(1)(b)–(c) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), 1999 (Wet 1 van 1999), soos gewysig deur Wet 29 van 1999, moet die rekenpligtige beampte die finansiële state vir elke boekjaar voorberei en dit binne twee maande ná die einde van 'n boekjaar vir ouditdoeleindes by die Ouditeur-generaal en Provinsiale Tesourie indien, wat die gekonsolideerde finansiële state sal voorberei. Dit beteken dat die WKOD se voltooide en ondertekende finansiële state teen nie later nie as 31 Mei 2023, ingedien moet word.
3. Die WKOD se boekjaar sal op 14 April 2023 sluit. Om die Direkoraat: Finansiële Rekeningkunde in staat te stel om aan die vereistes van die WOFB te voldoen, is dit noodsaaklik dat die persone op die aangehegte lys **hul insette aan hierdie direkoraat voorlê teen nie later nie as 14 April 2023, indien nie onderhewig aan sluiting nie, en teen nie later nie as 28 April 2023, indien onderhewig aan sluiting**. Let asseblief daarop dat die outdiltlêer deur Tesourie vereis word. Alle insette en stawende dokumentasie moet in drukstukformaat sowel as elektroniese formaat ingedien word. Dit is steeds 'n vereiste dat alle insette deur die tersaaklike direkteur of toesighouer as korrek gesertifiseer en geteken moet word. Waar van toepassing, moet alle insette ook van stawende dokumentasie vergesel word. Daar word voorts aanbeveel dat die bladsy met die handtekening van die verantwoordelike persone geskandeer en elektronies saam met die ander dokumente in Excel- of Word-formaat ingedien word.
4. Vir maklike verwysing sal elektroniese weergawes van die uittreksels uit die dokument vir die samestelling van die finansiële state, soos van toepassing op elke afdeling, per e-pos aan die persone op die aangehegte lys gestuur word.
5. Alle amptenare wat **geskenke en donasies** hanteer, moet kennis neem van paragraaf 4, d.w.s. "Vereistes vir finansiële verslagdoening", wat in Finansiële Rekeningkundeminuut 0004/2019 van 31 Oktober 2019 uiteengesit is. Hierdie insette, tesame met 'n drukstuk van elke gemagtigde voorlegging, moet teen nie later nie as **26 April 2023** by hierdie direkoraat ingedien word.
6. Enige navrae in hierdie verband kan aan mnr. P Abraham by tel. 021 467 2625 of mnr. H Burger by tel. 021 467 2188 gerig word.
7. U samewerking sal opreg waardeer word.

GETEKEN: L J ELY

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE

DATUM: 2023-03-03